ATKV-betrekkings

ATKV-hoofkantoor

Taalpraktisyn

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie en het ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde persoon om as taalpraktisyn by die ATKV-hoofkantoor in Randburg diens te verrig.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensnemingsbeleid.

Vereistes

- ’n Toepaslike tersiêre kwalifikasie;
- Beskik oor uitstekende Afrikaanse taal- en skryfvaardighede;
- Moet volledig tweetalig (Afrikaans en Engels) wees;
- Moet oor ’n geldige bestuurslisensie beskik;
- Moet minstens vyf jaar toepaslike joernalistieke ervaring hê;
- Moet eie inisiatief aan die dag kan lê, maar ook in ’n span kan saamwerk;
- Moet vinnig en akkuraat onder druk kan werk; en
- Kennis van die Microsoft-produkreeks en Adobe CC (InDesign, Photoshop).

Vernaamste verantwoordelikhede

- Redigeer en proeflees van kopie.
- Herskryf van alle teks indien nodig om aan die ATKV se stylgids en stemtoon te voldoen.
- Kontroleer korrektheid van feite, spelling en grammatika.
- Skryf goeie byskrifte en opskrifte wat sowel die aandag trek as taalkundig en feitelik korrek is.
- Lees en afteken van bladproewe vir *Taalgenoot*.

As jy graag vir so ’n dinamiese organisasie wil werk, stuur jou volledige CV aan:

ATKV-betrekkings by betrekkings@atkv.org.za
Aretha Daries
ATKV
Posbus 4586, Randburg, 2194

Sluitingsdatum: **22 November 2024**
Gebruik asseblief die verwysing: **HKTG03**

Indien jy 4 weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.